NG Kerk | Moderamen
Vrystaat

1 November 2017

**Alle leraars en voorsitters van kerkrade**
**NG KERK VRYSTAAT**

Beste broers en susters

**OPROEP TO 'N LANDSWYE VEROOTMOEDIGING- EN VOORBIDDINGSDAG**

Dr Gustav Claassen, Algemene Sekretaris van die NG Kerk, skryf as volg:

*Die Moderatuur van die NG Kerk is deeglik bewus van talle gedaantes van nood in ons land. Ons is egter tans veral baie bekommerd oor die vlakke van geweld en misdaad en die impak van droogtes op lewe en die omgewing. Die Goudland Sinode het inisiatief geneem om 'n oproep te doen vir 'n landwye geleentheid vir verootmoediging- en voorbidding op* ***Woensdag 8 November 2017****. Ons ondersteun die inisiatief heelhartig en doen 'n beroep op al ons sinodes om gemeentes aan te moedig om op 8 November verootmoedigings- en voorbiddingsgeleenthede te reël met die oog op:*

1. ***Die onaanvaarbare hoë vlakke van geweldsmisdade, waarvan plaasmoorde deel is.***
2. ***Landbou omstandighede en die impak van droogtes en klimaatsverandering op mens, dier en die omgewing.***

Die Interimkomitee van die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat, ondersteun ook hierdie inisiatief en doen 'n beroep op alle gemeentes in die Vrystaat om hierby aan te sluit en reëlings so te tref, dat die meerderheid van lidmate en ander belangstellendes dié geleentheid kan bywoon. Dr Johan Brink, Moderator van die Goudland Sinode, het Joël 2:12-14 aangehaal om die inisiatief uit hul geledere te ondersteun:

*Maar nou sê die Here:*
*Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil en treur!*
*13 Skeur julle harte, nie julle klere nie.*
*Kom terug na die Here julle God toe:*
*Hy is genadig en barmhartig;*
*Hy is lankmoedig en vol liefde.*
*Hy is bereid om straf te herroep.*
*14 Wie weet of Hy nie die straf sal herroep nie;*
*of Hy nie weer voorspoed sal gee nie*
*sodat daar weer graan- en drankoffers sal wees*
*vir die Here julle God!"*

Vriendelike groete in Christus.

**Dr Pieter van Jaarsveld**
**VOORSITTER**

**Ds Riaan van Zyl**
**ONDERVOORSITTER**

**Dr Carin van Schalkwyk**
**SKRIBA**

**Ds Anton Meiring**
**(Addisionele Lid)**

**Dr Bertus Celliers**
**(Verteenwoordiger STK)**

Tel: +27 (0) 51 406 6719 | Faks: +27 (0) 86 609 2547 | E-pos: kerkinfo@ngkvs.co.za | Posbus 11412 | Universitas 9321